# Opkomende ekonomieë se gradering veilig

**Nellie Brand,** Kaapstad

Min opkomende ekonomieë se soewereine gradering sal afwaarts aangepas hoef te word, het die internasionale graderingsagentskap Moody's in 'n nuwe verslag gesê.

Dié graderingsagentskap het in spesiale kommentaar oor lande se soewereine gradering gesê die meeste opkomende markte sal "onwaarskynlik op kort termyn" druk op hul gradering ondervind.

Die stelling word gegrond op Moody's se siening dat die huidige tekort aan buitelandsevaluta-finansiering in die wêreldekonomie net tydelik is.

"Die probleme in die finansiële markte het in Oktober in 'n krisis ontwikkel wat beskryf kan word as 'n skielike stilstand in internasionale finansiering wat herinner aan die krisisse in opkomende markte in die 1990's," het mnr. Pierre Cailleteau, besturende direkteur van Moody's se internasionale soewereine risikogroep, gesê.

'n Soewereine gradering is 'n ontleding van die waarskynlikheid dat 'n spesifieke land in gebreke gaan bly om sy lenings terug te betaal, volgens Businessdictionary.com.

Moody's beskryf in die verslag die graderingsbestuursbenadering wat gevolg word in die "ongewone situasie" waarin opkomende ekonomieë hulle tans bevind.

Prof. Chris Harmse, hoofekonoom van Dynamic Wealth, het gesê dit is goeie nuus vir Suid-Afrika ten opsigte van buitelandse beleggings.

Harmse het gesê die kriteria wat volgens Moody's gebruik word, toon dat Suid-Afrika buite gevaar is. Hy het gesê die risiko dat Suid-Afrika se buitelandsevaluta-reserwes gaan opdroog, dat die land se buitelandse skuld te hoog is en dat banke likiditeitsprobleme gaan opdoen , is bitter skraal.

Suid-Afrika het sedert die 1990's met die Asiatiese krisis sy buitelandsevaluta-reserwes van $7 miljard tot $34 miljard opgestoot.

Cailleteau het egter gewaarsku as sekere faktore voortduur in die eerste kwartaal van 2009, sal Moody's sy aannames moet heroorweeg en dit sal ook tot 'n heroorweging van soewereine graderings lei. Dit sluit in die huiwerigheid van banke om aan mekaar geld te leen en die paniek-gedrewe uitvloei van kapitaal uit die lande.

Harmse het gesê dié nuus sal hopelik buitelandse beleggers gerusstel dat die meeste opkomende ekonomieë nie blootgestel is aan die krisis nie.

Hy het gesê dit sal hopelik daartoe lei dat buitelandse beleggers weer op Suid-Afrika se fundamentele eienskappe as 'n beleggingsbestemming fokus en nie op grond van emosies sal reageer nie.

Volgens hom sien hulle reeds 'n terugvloei in portefeuljekapitaal.